Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Praat God nog vandag?

Eksodus 3:1-15

As gelowiges staan ons in ‘n verhouding met God en ons het ’n behoefte dat God met ons sal praat. Soms sê gelowiges: Dit sou darem baie lekker gewees het om in die tyd van Moses te kon leef waar God sommer direk met ons praat?

In Eksodus 3 lees ons hoedat God op ’n baie spesiale manier met Moses praat. Hy praat deur sy skepping met die brandende doringbos (v 2). Hy praat deur die Engel van die Here (v 2). En God praat deur ’n stem (vv 4-6). God kom stel Homself bekend aan Moses en gee sy naam net soos wat ons, ons naam sê as ons iemand ontmoet. God se Naam klink so ’n bietjie vreemd “Ek is wat Ek is.” (v 14). Met hierdie Naam kom God sê dat Hy die Heilige, Almagtige en Alomteenwoordige God is. En tog is daar ook ’n stuk misterie rondom sy Naam. Hy is nie sommer net so ’n gewone mens met ’n gewone naam nie.

Hoekom praat God? Hy praat omdat Hy ons wil bemoedig en versterk, maar Hy praat ook omdat Hy wil hê dat ons iets vir Hom moet doen (vv 10, 12). God praat vandag nog net soos wat Hy met Moses gepraat het – dalk nie op dieselfde manier nie, maar dit beteken nie dat God stil geword het nie. Hy praat deur Sy Woord, deur Sy Gees, deur mense, deur omstandighede, noem maar op.

Die groot vraag is egter: Luister ons wanneer God praat?

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

Sondag 4 Augustus

Praat God nog vandag?
Eksodus 3:1-15

08:00 Meditatief	Werner Schultz
08:30 Klassiek	Breda Ludik
10:00 Meditatief	Werner Schultz
10:00 Informeel (doop)	Danie O'Kennedy
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte:
Gemeentebediening - Sinode

Sondag 11 Augustus

In die woestyn met God
Eksodus 16 en 19

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Paul Barnard
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Paul Barnard

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Paul Barnard - knie-operasie
Bekkie Nieuwoudt - kanker

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - Y7DsLdxr

Dagboek:

Dinsdag 6 Augustus
06:00 Kom bid saam

Woensdag 7 Augustus
Doopregistrasie sluit vir September dope
19:00 Belydenisgesprek

Donderdag 8 Augustus
08:45 Bybelstudie - Kapel
13:00 Kerkkantoor sluit vir langnaweek

Vrydag 9 Augustus
Vrouedag - kerkkantoor is gesluit

Sondag 11 Augustus
Belydenisaflegging
Klassieke Klanke om 15:00

Saterdag 17 Augustus
18:30 Kuier saam met 'n Thai-ete - Phuket Kinderprojek

Vrydag 30 Augustus
Fondue-aand

Die ouerpaar doop op 4 Augustus

Informele diens
Arno en Andrea met Anlea Esther Hendrikse

Adriaan en Cristal Henning met Cara

Raynard en Thea van Zyl met Barend Burger - *gedoop deur Tilana Meyer-Morkel*

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Philip du Randt – Klerksdorp
Natasha du Toit – Stellenbosch-Welgelegen
Xannic le Roux – Somerset-Oos
Jon Munro – Mosselbaai-Suid
Liezl Munro – Langenhovenpark

Leraarspan

Breda Ludik het gehoor dat hy uitgeplaas word na 'n gemeente in Skotland, sodra alles 100% finaal is sal hy vir ons meer vertel daarvan.

By die kerkraad het ons kennis geneem dat Hannes Theron op 28 Februarie 2020 gaan aftree. Die twee leraarsposte gaan nie weer gevul word nie.

Dit is 'n lekker nuwe uitdaging rondom die bedieningspraktyk vir die gemeente.

Eksodus by die jeug

Die Tekkies (gr. 4- 6) het verlede Sondag die Eksodus verhaal van die 10 plae vreeslik geniet.

Ulrich Barnard wat vir hulle die boodskap gebring het, het die verskillende groepe uitgenooi om die onderskeie plae uit te beeld.

Die kinders en hul groepleiers was baie kreatief en daar het o.a. paddas rondgespring en selfs “swere” het uitgebreek, wat gelukkig weer baie vinnig “genees” het.

Gespreksgeleentheid
in Kapel om 19h00
7 Augustus
23 Oktober

Belydenisaflegging Sondae
11 Augustus
27 Oktober

BELYDENIS VAN GELOOF

2 geleenthede in 2019 oor.

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za of 021 850 6923

Klassieke Kitaar Klanke

Vivaldi tot Villa-Lobos

Klassieke kitaarspelers van die Departement Musiek, Universiteit Stellenbosch, kom weereens om Helderberg se gehore te betower met hulle kitaarspel.

Hierdie unieke kitaar konsert vorm deel van die Klassieke Klanke konsertreeks, wat aangebied word deur die Helderberg Uitreikprojek Musica Dei. Hierdie jaar se program lewer opwindende komposisies van Dyens, Villa-Lobos, Vivaldi, Tarréga en York. Te oordeel aan vorige jare, beloof hierdie ‘n uiters genotvolle middag te wees.

Die konsert begin om 15:00 op Sondag, 11 Augustus en vind by Helderberg Gemeente plaas. Verversings word voor en na afloop van die konsert verkoop.

Kom geniet ‘n heerlike saamkuier geleentheid en ontmoet terselfdertyd ander klassieke musiekliefhebbers. Alle Klassieke Klanke konserte is gratis, maar donasies vir die verdere ontwikkeling van klassieke musiek en plaaslike talent word waardeer. Geen besprekings is nodig.

Vir enige verdere inligting, kontak gerus die musiekdirekteur, Yolanda Botha, by helderbergconcerts@gmail.com of gaan besoek ons webtuiste www.helderbergconcerts.business.site of ons Facebookblad Klassieke Klanke.

Borg ‘n sessie

10 jaar feesviering

Helderberg UITREIK

HELDERBERG BERADINGSENTRUM

HULP • HOOP • HELING

Die Beradingsentrum het jou hulp nodig. Aanmeldings groei by die dag van mense in ons gemeenskap met emosionele nood. Jou vrywillige donasies word gebruik om die bedryfskostes van die Beradingsentrum te help finansier en sodoende kan ons diens volhoubaar aangebied word in die gemeenskap.

Vir meer oor ons, gaan kyk gerus op die gemeente se webblad of kontak Meagin van der Westhuizen vir enige navrae by 021-851 5582 of berading@nghelder.co.za

Reis saam na Phuket

Die Phuket Kinderprojek bied ‘n Thai eet-ervaring ter fondsinsameling vir hierdie nuutste projek van Helderberg Uitreik. Datum is Saterdag 17 Augustus om 18:30.

Die projek ondersteun Asia Center Foundation (ACF) met hulle werk wat hulle onder die weerlose *slum*-kinders van die Thailandse eiland, Phuket doen. Roelien Muller (direkteur van ACF) is dan ook hier en dit is ‘n uitstekende geleentheid om haar te ontmoet. Sy is ‘n inspirerende vrou met ‘n baie sterk visie en geloof in dit wat hulle daar doen. Sy is ‘n Suid-Afrikaner wat die bediening in Phuket 19 jaar gelede as ‘n enkelouer met ‘n jong kind te midde van groot persoonlike opofferings begin het.

Buiten vir ‘n verskeidenheid Thai-geregte, sal daar musiek wees deur The Gales wat bestaan uit Elzahn Rinquest en Nathaniel Akuetteh. Elzahn het voorheen in een van ons begeleidingsgroepe gespeel en albei het ‘n lang musiek geskiedenis. Lees meer op http://www.thegales.co.za/about-us/. Daar sal ook items wees deur ‘n groepie kinders van Jan Krielskool, vir leerders met spesiale leerbehoeftes.

Dit is nie al nie, een gelukkige persoon kan ‘n seildoek-foto wen van Nadia Hoon, wat die foto’s op ons uitreik geneem het. Sien meer van haar pragtige foto’s op www.visualpoetry.co.za.

Kry sommer dadelik jou kaartjie by die kerkkantoor:
R60 - kinders onder 12jr
R100 - senior burgers
R120 - volwassenes
Navrae: Elsa Rinquest 082 308 4643

Blokkies vir komberse

Baie dankie aan elkeen van julle wat blokkies brei vir die Dienssentrum. Dit word opreg waardeer en ons gaan nog lekker warm komberse daarvan maak.

Hier op die foto sit Ouma Lulu (92) en Christina, haar versorger, besig om blokkies te brei.

Ervare kleuterskoolonderwyseres benodig

3 maande in Phuket

Die Phuket Kinderprojek van Helderberg Uitreik benodig ‘n ervare, opgeleide kleuterskoolonderwyseres om personeel by die Asia Center Foundation op te lei. Die termyn is 3 maande.

Vereistes is soos volg:

- Formele kleuterskool opleiding.
- Ervare onderwyseres wat gemaklik kruiskultureel kan werk met kinders uit moeilik omstandighede.
- Gemaklik om opleiding in Engels te doen met ‘n tolk na Thai.
- Opleiding in klaskamerbeheer, dissipline, les-beplanning, identifisering van leerprobleme, ens.
- 'n Warm, uitgaande persoonlikheid en belangstelling om ander op te lei en te ontwikkel.
- Oor bestuurservaring beskik en goed kan beplan.
- Die Asia Center Foundation is gebou op Christelike waardes en dit is dus vir hulle belangrik dat die persoon ‘n Christen sal wees.

Belangstellendes kan asb teen **10 Augustus** hulle verkorte CV met verwysings stuur aan Louise Theron by louise@nghelder.co.za en beskikbaar wees vir gesprekke met die Direkteur van Asia Center Foundation, Roelien Muller die middag van 15 Augustus 2019. Navrae by louise@nghelder.co.za Lees meer oor die werk van die Foundation by https://www.asiacenterfoundation.org/

Pêrel Projek soek hulp met aansoek doen van ID's

In die Croydon/Faure gemeenskap is baie mense wat nie 'n ID het nie. Wie sal een halwe dag per maand vir 3 of 4 mense kan help met hulle aansoek by Buitelandse Sake?

Sommige van die mense is ongeletterd en kan net Afrikaans praat en gaan ongelukkig nie op hul eie regkom by Binnelandse Sake nie. As jy kan help of navrae het, kontak vir die koördineerder Frederike van Schalkwyk by 076 177 6256

Helderberg Seniorklub

Ons kom weer op Dinsdag 6 Augustus om 8:30 vir 9:30 byeen, in die Tent.

Program:

Ons onthou Koos du Plessis se bydrae tot Afrikaans met ‘n oggend van liriek en musiek. ‘n Mannekwartet sing van sy bekendste komposisies.

Besoekers betaal R20 en dit sluit tee en eetgoed in.
Kontak vir Isabel Lubbe by 082 844 0735 of 021-855 1528

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*